Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Moed

Ons dink dikwels aan moed net as heldhaftige dade. En dit is. Maar net so belangrik is die gesindheid van heldhaftige mense. Hulle ingesteldheid. Hulle houding.
Dit wat hulle motiveer om heldhaftig op te tree: die man wat 'n gevaarlike see inswem om sy kind te red. Die jong man wat na 'n lewens veranderende ongeluk vanuit sy rolstoel weer mense inspireer met vurige lewenslus. Die skaam meisie wat haar spraak probleem oorwin en later die redenaarskompetisie wen.

Moed is iets wat doodgewone mense in doodgewone plekke kan hê. Nie net leer die lewe dit vir ons nie, maar die Bybel vertel ons ook hiervan. Hier is 'n paar vrae om
aan te dink:
-Wie is die moedigste persoon wat jy ken? En hoekom?
-Wat sou jy sê is moed?
-Hoekom vra dit soveel moed om te sê: "Ek was verkeerd"?

Lees die tekste stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Lees Josua 1:1-9. Hoe het God vir hom bemoedig en laat weet Hy is by hom?

Lees 2 Kronieke 32:1-8. Hoe kan jy iemand bemoedig?

Wat is daar wat jy moet doen, maar wat jou bang maak of ontmoedig?

Lees 1 Korintiërs 16:13. Wat lê die Here op jou hart?